**15 Maart** **Skrifgedeelte: Genesis 12:10-20**
**Fokusgedeelte: Genesis 12:18**

**Ons swak besluite die oorsaak van Jesus se lyde**

Sal God my ooit weer as sy kind beskou na wat ek aangevang het met my lewe? Ek het so entoesiasties saam met die Here begin, maar na die eerste krisis het ek al God se beloftes vergeet. Toe ek uit die ligbaan van sy Woord getrap het, het ek my bevind op paaie waar ek nie meer die Gees se krag en bystand kon verwag nie. So ’n pad loop op ’n afgrond af!

Ten tye van die swaar hongersnood het Abram ’n hele paar swak besluite geneem. Sy twyfel in God se beloftes, en toe sy noodleuen in Egipte dat Sarai sy suster is, het vir almal rampspoed gebring. Abram se nageslag het deur die eeue, net soos hy, verkeerde keuses uitgeoefen wat hulle op vreemde paaie weg van God gevat het. Gevolglik moes God sy eie Seun stuur om sy verbondsvolk te red.

Staan hierdie dag ook in u boek opgeskryf as ’n dag van swak besluite of as een waarin u met alles in die lig van die Woord gebly het?

*Sing: Psalm 66:1 (p. 320)* *Dr. JL Venter (Pretoria-Annlin)*